



KAMMANUUS

Nommer 474 Junie 2021

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER Dag Een



Voorheen het ek vertel hoe my tolk Ralph in Suid Korea my eers gaan wys waar ons gaan woon en daarna reguit kantore toe is. Soos in baie lande, Suid Afrika ingesluit, is Ralph nie sy regte naam nie. Mense kry vir hulle 'n Westerse naam sodat ander dit darem kan uitspreek. Dis nou net weer waar ons in Duskantland gatkant voor is want kyk hoe moet ons nou weer sukkel om ons eie Port Elizabeth met die tong te klap!

Die Koreane het baie by die Amerikaners geleer. Al die verkeerde goed. My lessenaar is een van baie in 'n tipiese meerkatkamp. Al die meerkatte sit styf langs mekaar ingeryg in rye lessenaars. Daar is darem so 'n effe muurtjie voor 'n mens waar jy 'n papier of foto kan plak. Tipies Oosters, het hulle ook geen sin vir sinvolle keel skoonmaak nie. Gelukkig het ek heelwat immuniteit opgebou en oorgehou vanaf Taiwan. Ralph sit langs my want hy moet alles vertaal.

Anderkant van my sit meneer Yoo. Hy het 'n vriendelike gesig en 'n stewige handdruk, nie 'n slap handjie soos meeste van die ander nie. Yoo ken ook so hier en daar 'n Engelse woord. Ons het groot vriende geword, ek en hy. Tot vandag toe nog. Deesdae noem hy my 'Teacher' en ek hom student. Hy het nou die dag nog weer vir my 'n foto gestuur van hom en sy nuwe vroultjie daar uit die Koreaanse lente, tussen die geel tulpe.



Skaars gaan sit of ek moet die groot baas gaan ontmoet. Sy kantoor is reg langs ons s'n, maar jy gaan eers deur twee deure en 'n sekretaresse voor jy by hom uitkom. Het ek gesê kantoor? Die saal waarin hy sit, is net so groot soos ons meerkatkamp langsaan. Hy sit daar vêr agter teen die muur. Kyk ook nie op nie. Ek begin vorentoe loop om die man te ontmoet, maar Ralph gryp my arm en beduie ons moet eers wag. Uiteindelik sit die kêrel agteroor en gee 'n effe knik van die kop. Ralph stoot my vorentoe en ons betree sy breë persiese mat voor sy ewe breë lessenaar. Beduie ek kan maar plaasneem in een van twee gevleuelde gemakstoele voor sy troon. Ralph stel my voor aan meneer Yung en oor en weer word daar vertaal terwyl hy my welkom heet en vertel wat van my verwag gaan word. Eintlik die leviëte voorlees kom ek gou agter.

My mond hang later letterlik oop. Hulle wil my nie eintlik daar hê nie verduidelik Ralph. Hulle het oorgenoeg van hul eie mense wat my werk kan doen en teen 'n fraksie van die prys. Die Wêreldbank egter, wie die projek befonds, dring aan daar moet 'n internasionale ekspert teenwoordig wees om hul werk goed te keur, soos en wanneer dit gebeur.

"Nou maar wat moet ek heeldag en elke dag doen?" vra ek verdwaas.

Voor Ralph kan begin vertaal, beduie Yung vir hom hy kan maar gaan. Ek wil opstaan en saam met Ralph daar uitkom.

"Bly" sê hy in perfekte Engels en beduie ek moet weer sit.

Sodra Ralph die deur agter hom toemaak, gaan hy voort: "Wat ek nou vir jou gaan sê sal ek nie daar buite ooit erken of herhaal nie." Daar volg 'n dramatiese pouse, "Jy doen absoluut niks."

Ek kyk hom ongelowig aan. "Bedoel jy regtig ek kom elke dag net werk toe en sit daar en doen niks nie?"

Meneer Yung staan op agter sy lessenaar en stap saam met my tot by die deur voor hy my antwoord:

"Lyk my ons verstaan mekaar, welkom in Suid Korea."

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

hennie.greeff@gmail.com

Barbara Potgieter

REDAKSIE

Kaapstad

barbipot@gmail.com


Bill Hewitt

VERTALINGS

Montagu

Om die kampvuur

Uit die Afrikaanse taalskatkis



C J Langenhoven se gesegdes:

As jy geen stuk kennis het van die ambag waarvoor jy 'n man huur nie, bekyk sy gereedskap. Hy sal nie in jou belang oppassender wees as in sy eie nie.



Idiome van
**SAGMOEDIGE
NEELSIE**



'n Man sien liever dat daar 'n stiefmoeder oor sy kinders is as 'n skoonmoeder oor homself.

gg60676412 www.gograph.com

'n oue of dit 'n goeie was; aan 'n nuwe wa kan jy sien of dit 'n goeie skilder was; aan 'n oue of dit 'n goeie wamaker was.



www.shutterstock.com 547633876

'n Man wat sy toevlug tot 'n leuen moet neem, vind dikwels uit dat hy in 'n huis gaan skuil het wat nie 'n agterdeur het nie



Uit die wakis



Weet jy wat beteken:

hekel

(antwoorde op bladsy 8)

sakkerloot

skamel

janlap

Ken jy hierdie speletjies?

Kop en punt

Twee persone lê kop-en-punt (voete) op hul rug langs mekaar. Hulle sit hul bene, die een se regter en die ander linker, regop teen mekaar. Die leier: Op en af, of heen en weer. Dit word twee maal herhaal, die derde keer haak hul die bene om mekaar en probeer die ander een omrol.

Sjinese opsukkel

Die twee deelnemers sit rug aan rug, bene reguit en arms gevou. As die fluit blaas mot hulle probeer opstaan onder om die arms los te maak.

Kat en muis

Die spelers neem hande en vorm 'n kring. En speler is die kat en 'n ander die muis. Die kat jaag die muis. Die kring laat die muis maklik deur, deur hulle arms op te lig, maar probeer om die kat te keer. Die muis hardloop heen en weer deur die kring.

Ellie Roos (oudae se KJV's het dit ook gespeel). Die deelnemers staan in pare agter mekaar. Mans en dames vorm rye.

Voor staan 'n wewenaar en hy roep; "Ellie Roos!"

Die agterste paartjie hardloop dan elkeen aan sy eie kant vorentoe en die wewenaar probeer die dame vang voordat sy by haar maat kom. Slaag hy daarin is die ander man weer wewenaar. So nie, bly hy maar wewenaar.

Die Dwergieman

In 'n gat daar onder die sukkeldoring
Het 'n dwergieman sy huis.
Die mure daarvan is goudegeel klei,
En die vloer van silwergruis.

En die lampe is klein vuurvliegies,
Wat skitter soos sonneskyn
As die groen van die skemeraand val
En die son se glans verdwyn.

Die stoele is bergkristalle,
Wat onder die liggies blink;
Die tafel 'n groot wit paddastoel,
Met sy steel in die gruis gesink.

Die kussings is fynste wit kapok
Uit tinkinkie-nes gesteel;
En die deurgordyn is 'n mierkatvel,
So sag soos sagte ferweel.

Hier lewe die dwergie die jare deur
Waar niemand hom ooit sal stoor;
En hy en sy vrou kom net maar uit
Om water te haal uit die voor.


C. Louis Leipoldt

BAKKIESBOEK BAKKERASIES

(Vinniges uit vuisboek)



Vra hoender vir kalkoen:
 "Hoekom is jy so slim?"
 Kalkoen antwoord:
 "Jy sal ook so slim wees
 as jy gedurig moet
 google, google, google!"



STUUR VIR ONS JOU
 EIE JUWEELTJIES WAT
 JY DALK AL TEËGekom
 UIT JOU BAKKIESBOEK
 LEWE!
hennie.greeff@gmail.com

Die droogte in die Karoo het so erg geword dat daar niks meer oor is van Oom Sarel se plaas nie. Hy het al sy beeste laat slag, al sy skape verkoop. Die veld is so droog soos hy dit nog nooit in sy 65 jaar gesien het nie. Die plaaswerkers het getrek om te gaan kyk of hulle nie kan werk kry in **Zimbabwe** nie, so sleg het dit gegaan. Oom Sarel sit een oggend op die stoep, verby moedeloos. Skielik kom daar 'n helikopter oor gevlieg. Nog nooit tevore het hy 'n helikopter gesien nie. Hy kyk die helikopter so, draai na Tant Sarie en se vir haar: "Daar waai die windpomp ook nou!"

Ou Malles

Ek het gistermiddag 'n vinnige draai op piepklein, maar pragtige Wittedrift, naby Plettenbergbaai gaan maak. Dit het my gedagtes teruggevoer na nogal baie jare gelede toe ek 'n kamp vir Suid-Kaapse tieners op Groot-Brak help lei het - 'n baie aangename ervaring. Onder die klomp gawe kampeerders was o. a. Ou Malle. Hy was eintlik 'n goed genoeg gebalanseerde tiener, maar het sy bynaam [wat ook in groot rooi letters op sy T-hemp gestaan het] waarskynlik aan sy gedurige grappe, poetse en kwinkslae te danke gehad. Een aand sit ek by hom en 'n paar ander manne en ek vra hom:

"Ou Malle, jy kom mos van Wittedrift. Vertel nou mooi vir my hoe groot daai dorp van jou is."

"Oom, laat ek dit so vir Oom verduidelik", antwoord hy sonder huiwering. "As Oom in die nag lekker in die middelste huis van ons dorp slaap, maar Oom rol verkeerd en val af van Oom se bed, dan val Oom buite Wittedrift iewers in die distrik."


ds. Johan van der Merwe op face book

GRAPKAS



OORWERIGE PYP- SPESIFIKASIES. (TIPIES VAN VANDAG SE ROMPSLOMP REËLS)

1. 'n Pyp moet met net een lang gat ontwerp word en omring word deur metaal of plastiek met die gat sentraal in die middel geplaas.
2. Die volle lengte van die pyp moet net een gat wees en geen gate van Verskillende lengtes moet gebruik word nie.
3. Die binne deursnit van die pyp mag nie meer wees as die buite deursnit nie anders gaan die gat aan die buitekant wees.
4. Daar mag niks binne in die gat gesit word nie sodat water, stoom of iets soortgelyks later daarin geplaas kan word.
5. Alle pype moet roesvry gelewer word aangesien dit baie makliker by die werksplek van roes voorsien kan word. NB sommige verskaffers lewer alreeds geroeste pype, so vind eers uit of daar nie reeds sulke verskaffers in die area opereer nie dit kan tydsbesparing by die werksplek beteken.
6. Op alle pype langer as 500vt (150 m) moet die woorde "lang pyp" duidelik aan beide kante geverf word sodat dit duidelik sigbaar is dat dit 'n lang pyp is.
7. Wanneer 90 of 30 graad elumboogkrommings bestel word moet uitdruklik gevra word vir linker of Regterhandse elumboogkrommings anders beweeg jy in die verkeerde rigting.
8. Maak seker dat jou verskaffer verstaan of jy horisontale, opdraande of afdraande pype benodig.
Indien jy 'n afdraande pyp vir opdraande gebruik sal die water in die verkeerde rigting vloei,
9. Alle pype korter as agste duim (3mm) is onekonomies, dit vereis te veel laste en word wasters genoem.
10. Alle laste in pype moet waterdig wees terwyl die wat vir lugdruk gebruik word net lugdig hoef te wees.



Gebruik slegs egte pype! (Anders maak jy jou naam gat)

XAT.COM



Dokters en hul grappies

**Dr. Franna
Malherbe**

'n Vroutjie kom sit in die tandarts se stoel. Sy is baie senuweeagtig:

“O dokter,” sê sy terwyl hy regmaak om in haar mond te kyk, “ek is so bang vir 'n tandarts – ek sal liever 'n baba kry as om 'n tand te laat boor!”

“Wel, mevrou,” sê die tandarts, “besluit asseblief nou, sodat ek die stoel kan stel.”



Ontvangsdame: “Mevrou, hoe spel jy Jacobs? Met 'n C of 'n K?”

Pasiënt: “Met 'n J.”



Die velspesialis kyk na die uitslag op die pasiënt se lyf. Die pasiënt wil natuurlik weet wat dit is.

Dokter: “Het jy dit al tevore gehad?”

Pasiënt: “Ja.”

Dokter: “Wel, nou het jy dit weer.”



Die polisieman kom die dokter in sy spreekkamer sien in verband met 'n ontsnapte gevangene.

“Dokter, ons soek 'n man met 'n gehoortoestel.”

“Met 'n gehoortoestel? Hoekom soek julle hom nie liever met 'n verkyker nie?”



BRIEWEBUS

Skryf gerus oor wat jy op die hart het

Ek het die onderstaande briefie vanaf Isak Theron uit Stellenbosch gekry nadat ek gevra het of van ons getroue lesers nie dalk ou uitgawes van Kammanuus êrens gebêre het nie. Dit het my laat wonder watter leser tans die langste al by ons is. Ek sal dit SO waardeer as julle laat weet *wanneer* ek *hoe* jy op jou eerste Kammanuus afgekom het.

Ons huidige rekordhouer is dus Isak!

Kyk bietjie in sy briefie hoe lank hy al Kammanuus lees!

Dit wil gedoen wees mense! -

Hennie

Hallo Hennie



Ek kry Kammanuus al van nommer 128 (26 Oktober 2004) af en het almal behalwe nommers 159 (24 Julie 2005), 174 (6 November 2005), 198 (20 November 2006), 204 (26 Februarie 2007), 210 (21 Mei 2007), 212-224, 298, 306, 308, 309 en 445-447. Die datums hierbo is afgelei vanaf die uitgawes weerskante van die vermiste nommers.

Laat weet wat jy nog kort. As jy enige van hierdie nommers het, sal ek dit graag wil kry.

Groete

Isak - Stellenbosch

Ek dink steeds Juffrou was verkeerd en ek was reg



VERKEERDE REÛNIE

Die boer word genooi na die 40-jaar-reunie van sy matriekklas. Hy besluit om te gaan, maar sy vrou wil nie saamgaan nie.

Die partytjie begin om 19:00. Hy stort, trek netjies aan en ry dorp toe. Skaars 'n halfuur later is hy terug by die huis. Sy vrou vra hoekom is hy so vroeg terug. Het hy die datum verkeerd gehad?

“Nee,” sê hy, “ek het die plek verkeerd gehad, want by die skool is net 'n klomp ou mense.” **LBW**

Uit Ons Taal Skatkis

"*Moet die oor nie woorde toets soos die verhemelte kos proe nie?*" Job 12:11

Wrewel



Met 'n P voorop kan jy prewel
soort van saggies sê jou
blerrie wrewel

Jy kan natuurlik lag en
tee maak of skink 'n dop

So ontnem jy wrewel
die knaende knewel
uit jou gestel
met 'n skop en 'n dop
-PW 2021

Afskeid

Jy't weggegaan en jy bewoon
'n silwer herberg in die sneeu
jou venster kyk nog elke nag
met drie blink oë na die plein
die plein is boom en wind en boom
en wind en wind
en wintermiddag voer daar iemand
die meeu krummels teen die wind.
N P VAN WYK LOUW



Eugene Marais-Skoppensboer

'n Druppel gal is in die soetste wyn;
'n traan is op elk' vrolik' snaar,
in elke lag 'n sug van pyn,
in elke roos 'n dowwe blaar.
Die een wat deur die nag
ons pret beloer
en laaste lag
is Skoppensboer.



(daardie druppel gal smaak heelwat beter in 'n glasië droë rooi -red.)

antwoorde van bladsy 3:

hekel – afkeer: soos 'n hekel hê aan iets

sakkerloot -'n lekker vloekwoord van Franse afkoms *saperlotte* (17de eeu), eufemistiese verbuiging van *sacredieu*. Engels : *goodness gracious!*, *good heavens!*, *gee whiz!*, *blast!*, *doggone!*

skamel – armoedig

janlap – purgasie

EERSTE WÊRELD- OORLOG VERHALE

deur Reinderd Visser

Genl. Botha En Die Duits Suid-Wes Offensief (Deel 3 – Die Suide)



Met die laaste weerstand van die Rebelle op 3 Februarie 1915 by Upington finaal onderdruk (soos ek in Deel 2 vertel het), kon Generaal Botha nou weer sy volle aandag aan die offensief in Duits-Suidwes gee. As jy nog kan onthou, die Unie-magte sou Duits-Suidwes vanaf September 2014 van vier punte binneval, maar die skielike Rebelle in Suid-Afrika het die offensief vir enkele naande vertraag.

Duitsers val SA in- die Slag van Kakamas

Die Duitsers wou boonop die aandag nog 'n laaste keer van die inval aftrek deur 'n dag nadat die laaste rebelle by Upington oorwin is, op 4 Februarie, self inisiatief te neem en Suid-Afrika oor die Noord-Kaap grens in te val. Ja, kan jy dit glo? Suid-Afrika is tydens die Eerste Wêreldoorlog deur vyandige magte ingeval! (Dit het trouens twee maal gebeur - die eerste keer was 'n klein insident reg aan die begin van die oorlog, nog voor die uitbreek van die Rebelle.) Hul eerste teiken was om 2 oorgangspunkte oor die Oranje Rivier naby Kakamas te verower. By wat vandag bekend staan as die Slag van Kakamas het die Unie-magte die Duitsers egter in hul spore gestuit en met hierdie oorwinning was die laaste struikelblok verwyder wat in die pad van die finale inval in Duits-Suidwes gestaan het.

Die groep wat reeds die vorige jaar op 19 September 1914 by Lüderitz geland het (ek het in Deel 1 al van hulle vertel), is in Oktober met die troepe wat aanvanklik Walvisbaai toe moes gaan, aangevul. Hul taak was om die Duitse magte in die Suidelike en sentrale dele van die land te neutraliseer sodat hulle nie later met 'n guerrilla oorlog kan begin sodra die hoofmag verder Noord oorwin is nie. Ek staan vir 'n oomblik by hulle stil, maar ontspan, ek gaan nie elke veldslag in detail bespreek nie, daarvoor is daar te min ruimte. Probeer jouself eerder hul omstandighede voorstel.

Troepe te voet

Die troepe was meeste van die tyd te voet en het letterlik honderde kilometers moes afstap. Dit terwyl byna die hele roete wat hulle moes volg een groot sandbak was, met beskikbare water maar skaars en ver uitmekaar. Een soldaat het die sand so beskryf:

We breathed sand, we chewed it; we took it in our food – literally, there was sand with the sugar; we thought sand, we dreamt it.

Die bereide soldate het 'n ander probleem gehad - die perde, asook die pak- en trekdiere, waarvan daar letterlik duisende was, was ook 'n nagmerrie om aan die lewe te hou en voer en water moes al die pad deur die woestyn saamgery word.

Die Duitse leiers het juis geglo dat die woestyn met sy gebrek aan water en enorme sandstorms die geveg namens hulle sou veg en dat dit die Unie-magte op hul knieë sou dwing voor 'n skoot afgevuur is. Duitse basisse was dikwels in die omgewing van water, maar voor hulle verdryf is, het hulle eers die putte vernietig of die water met skaap-dip of dooie diere vergiftig om die aanvallers se moraal so verder te probeer breek.

Spoorlyn gesaboteer

Die Duitsers het boonop die mees effektiewe vorm van vervoer deur die woestyn, die spoorlyn, gesaboteer deur dit, terwyl hulle teruggedryf word, agter hulle op te kap of met dinamiet op te blaas om so die vervoer van lewensnoodsaaklike voorraad te verhoed. As lewensaar vir die aanvallers moes dit dan, met groot moeite, maar so gou moontlik, weer herstel word.

(vervolg onder)

EERSTE WÊRELD- OORLOG VERHALE

(vervolg)

Doelwit bereik

Die magte uit die Suide en die Ooste (Sommige was by die slag van Kakamas betrokke voordat hulle Noordwaarts Suidwes toe getrek het) het Keetmanshoop, wat 'n sterk militêre basis gehad het, suksesvol ingeneem. Om hul doelwit te bereik moes hulle die byna onmoontlike regkry deur letterlik honderde kilometer woestyn sonder beskikbare water oor te steek!

11 dae mars

Die sentrale magte het intussen Wes van Keetmanshoop, via Bethanie en Berseba Noord geswaai om Gibeon, waar 'n sterk Duitse mag was, op 27 April te bereik (die afstand van Aus tot hier was 340km en die soldate het dit in 11 dae afgemars!). Die grootste en beslissende veldslag in die Suide is hier geveg en ten spyte van relatief groot ongevalle (28 gesneuwel en 60 gewond, teenoor die Duitsers se 8 dood en 30 gewond), het die Uniemagte tog daarin geslaag om die Duitse mag hier tot oorgawe te dwing en só volledig beheer te kry oor die Suidelike deel van Duits-Suidwes. Doelwit een in Suidwes is bereik.

Die aandag het nou na die Noordelike dele en die hoofmag van die Duitsers verskuif en daarvan vertel ek jou in die 4e en laaste deel van hierdie minireeksie oor die oorlog in Duits-Suidwes.

Reinderd Visser – Oudtshoorn



Rebelle Booyens

Miskien was jou oupagrootjie ook daar!

Agteros kort voor slaaptyd

vervolg

Koop 'n nuwe bed en behou jou man.

Ek sug die nag om. Vieruur jaag ek die sterre weg en roep die son. Seweur gooi ek die laaste bietjie poeierkoffie in 'n beker en skud my man wakker. "Lig jou, ek het 'n bed gekry. Ons moet dadelik daarna gaan kyk.

My man kyk my vreemd aan. Dan fokus hy. "Nee" sê hy beslis, "Ek's kapot. Sowat van werk het ek lanklaas agter die rug. En dit by kastige aftrede. Loop kyk en koop as dit reg is."

'n Deernis wel in my op. In sy oë kan ek sien dat die afgelope twee weke van pionier speel en kampbed lê ook van hom, sy tol geëis het.

Opgevolg soos 'n vet vlinder trek ek met die bakkie weg en soek die dorpsvol na die adres.

Dat so 'n klein dorpie nou soveel strate en kinkels kan hê. Ek bel die omie, "Nee, hy's lankal wakker. Wag net vir my. Sommer maklik om te kry ook". En hy beduie.

Ek ry en soek. Stop en klop. Bel weer. "Nee," sug die omie. "Jy is verby. Draai om en ry tot by so 'n walletjie waar 'n jakaranda staan. Kyk vir 'n huis met 'n teëldak en voor 'n bougainvillea. Jy sal dit maklik kry."

Ek draai om. Voor my doem strate vol jakarandas en teëldakke op. Dan sien ek die reuse bougainvillea wat die huis byna verdwerg. Die oom staan op die stoep en die tannie leun teen hom aan.

Hul verwelkom my soos langverlore familie. Daar word uitgevra. Algemene nuus word gedeel.

Die eienaar het sy plaas verkoop. Die groot plaashuis wat hul jare gehuur het moes ontruim word. Dorp toe trek was hul voorland. Ons drink koffie dra mekaar se laste met huurhuise en die onvoorsiene smart van 'n trekkery.

"En die bed "vra ek, terug by die hede.

"O ja die bed" eggo hulle en lei my verby 'n paar deure en talle onoopgemaakte kartonne 'n groterige vertrek in. "Daar" en hy wys met sy vinger die kamer vol. Dis asof sy skouers skielik meer hang en 'n wolk van moedeloosheid oor hom sak.

Die tannie knik. "al die goete" bevestig sy. " Die oom sien nie kans nie"

"Nie kans nie. "Herhaal hy.

"Twee enkelbeddens sal beter werk, nê bok" en die tannie vryf oor sy rug. Hy knik sy kop.

Ek bekyk die gedoente voor my. Dis 'n vreeslike klomp planke.

"Pas al die goed in mekaar?" vra ek

"Als. Soos 'n legkaart en dis goeie hout" en hy wys na die hengse kopstuk met ekstra groot bedkassies weerskante. Dan na die matras wat die een muur vol staan.

"Dit kom bo-op" bevestig die tante asof sy alle misverstand uit die weg wil ruim.

En dis 'n baie goeie matras. Duur ook. Nog skaars ingelê.

Ek bevoel en druk die matras. Lees die gestikte etiket. 'n Goeie matras beslis. 'n Ware winskoop vir die geringe bedrag, besluit ek.

Ek betaal en ry met 'n lied in my hart terug na ons huis aan die anderkant van die dorp.

By die huis torring ek dat ons die bed moet gaan haal.

"Hoe lyk dit?" vra hy agterdogtig toe ek sukkel om te beduie.

"Neem toue saam. Baie toue dis 'n groot affêre,"

Met ons Ford Bantam bakkie soek ons die adres. Ons verdwaal.

"Hoe weet jy dan nie waar dit is nie en jy't klaar betaal. " My man is vies.

Vervolg onder

Koop 'n nuwe bed en behou jou man.

(van vorige bladsy)

Ek bly op die foon en die oom beduie terwyl ons ry. Heelwat verder af in die straat sien ons 'n rooi doek waai. Dis die twee oumense. In die middel van die pad.

Ons stop en klim uit. Ek en die tannie omhels mekaar. Die tannie byna in trane. Die mans groet en stap vooruit.

Op die stoep staan die bed. Of wat veronderstel is om 'n bed te wees. Eintlik lyk dit meer na 'n houthandelaar. Of iemand wat planke uitstal.

Die bure lê-hang oor die lae vibracretemuurtjie. Dis 'n vrolike gegroetery. Van klein tot groot kom sê dag. Die buurvrou lag gul. Haar tande is uit.

"Wil jy dit gou insit?" vra haar man en hou die tande na haar uit.

"Nee wat los maar. Druk te veel"

"Dis nuwe tanne" sê haar man trots en sit dit in sy broeksak. "Kom julle" en hy wys na die klomp opgeskote seuns, "help gou die mense" en die spannetjie wip oor die muurtjie.

"Ai, sulke gawe bure." sê die tannie dankbaar en vee 'n traan of twee af. "Met als gehelp. Anders weet ek darem nie."

My man kners op sy tande. My moed sak in my skoene. Ons laai. Sal weer moet kom,

"Wat het jou besiel om die ding te koop?" vra my man toe ons buite hoor afstand is.

"Weet jy dan nie hoe 'n bed lyk nie?"

"Dis 'n goeie matras is my verweer. My enigste verweer want hoe die spul ooit aanmekaar gesit moet word wil ek op die oomblik glad nie aan dink nie.

Met die tweede vraag word ons byna eerbiedig sterkte en voorspoed toegewens. Dalk was dit my verbeelding maar dit het byna gelyk asof daar 'n glans van verligting op almal se gesigte was toe ons wegry.

Tegnies aangelê

Gelukkig is my man tegnies aangelê sodat binne 'n uur of twee, ten spyte van hewige meningsverskille wat die huweliksband tot die uiterste beproef, staan die massiewe bed. Of iets soos 'n bed met matras.

"Dit lyk soos 'n blerrie futon!" brul my man. Wat sou die twee oumense besiel het om so 'n slaapding te koop? Geen wonder hul was so angstig om van die gedrog ontslae te raak nie! Die ding moet pote kry as ons hierop wil slaap."

Ek skep moed en besing sy insig.

My huwelik hang aan 'n draadjie.

"Maak die pote lank," kweel ek. Ek wil nog altyd 'n hoë bed gehad het.

"30cm is genoeg," besluit hy. Kry die maatband en meet.

"Wat van 'n meter," stel ek voor.

Hy skud sy kop en kyk my ongelowig aan.

Ek probeer weer. "Ok, 70cm en niks minder nie." Dit ontaard in 'n stryery.

Dikbek word daar hout vir pote gekoop. Tien stukke van 70cm word gesny. Drie vir elk van die bed se vier kante en twee vir die middel. Die bed is koningsgrootte plus. Dit besef ek nou.

Laatmiddag is die bed se pote aangeskroef. Die ding lyk asof dit wil spring. My man het geloop. Ek bemoedig myself. Sing 'n Hallelujalied, maar die dubbelbedlaken pas nie. Ek trek totdat die matras soos 'n hotdog wil toevou. Pure verniet. Ek sleep al wat beddegoed is nader. Ek trek oor. Ek trek af. Meet en pas. Rangskik kussings op oop kolle. My stem is droog en skor. Ek wil nie meer sing nie. My droombed is bisar. Soos 'n ou groot vet vrou met 'n minirok staan sy op haar dun beentjies. Ek voel tranerig. Ek stap na die mooi hangspieël teen die muur, kyk na myself en draai dit om.

Dan, eensklaps skiet 'n idee my te binne. Kikker die ding op sê my verstand. Boeke en ornamente! Die kopstuk word vol gepak. Die bedkassies opgestapel.

"Hallo" sê die bed en lyk nou heelwat vriendeliker. "Bring nog. Wat van potte en panne?" Die kamermuur lyk ingenome. "Eks mal oor jou tafel. Bring borde en eetgoed" en laat tuimel aspris nog stukke pleister neer. Opeens sien ek my fout. My bed het in 'n reuse tafel verander. 'n Familietafel sonder stoele met 'n baie goeie matras.

Daardie nag slaap ek alleen op my groter as koningsgrote bed. Hoog, soos op stelte. My man lê snorkend op sy kampbedjie. Die matras voel vreemd. "More maak ek 'n plan" fluister ek vir die muur en drink 'n slaappil.

Oudergewoonte word ek na middernag wakker om toilet toe te gaan. Staan deur die slaap op. Of liewers trap deur die slaap van die hoogte af en slaan soos 'n os neer. Die mooi en-suite deurtjie byna uit sy skarniere. Piepie skoon weggekrik. Ek nugter wakker.

(vervolg onder)

Koop 'n nuwe bed en behou jou man.

Vervolg van vorige bladsy

Ten spyte van blou kolle en kneusplekke loop ek die volgende oggend oor van vriendelikheid. Soos 'n wafferse dienende Martha maak ek heerlike ontbyt vir my man. Smoor uie en wors. Bak spek en eiers. Verwarm gebakte bone. Smelt botter en soteer sampioene. Rooster brood. Maak drinkgoed. Die kampeertafel word soos 'n feestafel getooi. Ons gesels en lag en eet en raak weer begeesterd soos vroeër. Die ys is gebreek.

"Terloops, jy was reg" laat val ek so tussen in, "daai bedpote is te lank. Jy kan dit mos korter maak of hoe skat? Wat van sê so 50cm?" koer ek.

"30cm of niks" en hy volstaan daarby. Die dubbele moeite word ingevryf. Ek knik liefdig. "Natuurlik. 30 cm klink perfek my skat!" Laat daardie aand kruip ons in ons nuwe bed in. Lê sommer wydsbeen. Daar's baie spasie vir elkeen.

My oog vang die en-suite deurtjie. Dit is herstel.


Ek glimlag, rol na sy kant toe en gee hom 'n piksoentjie op die wang.

"Dankie" fluister ek in sy oor. Hy grinnik. "Is jou lyf seer. Moet ek iets invryf?"

"Nee wat dis sommer niks" en ek dink "n Mens val soms hard voor jy kan lekker lê, en sit die lig af.

Kammanuus verskyn weer vroeg Julie

Terloops, het jy die jakkals op die Versamelvoël nes gesien bo-aan die Nuusbrief?



ONVERTAALBARE GRAPPIE: (Ingestuur deur Celia JACOBS van Onrus)



Aanhangsel van W.O.1 storie

